## Notule vir die Eerste

# Koinonia Sinode

## van NG Gemeentes

## Saam Op Weg na Kerkreformasie

## 3 - 4 Mei 2023

by
*Ingwe Guest Lodge*
Vanderbijlpark

# INHOUDSOPGAWE


| | Item | Verslag gelewer | Bladsy |
|---|---|---|---|
| **SAAM OP WEG OP N KERKORDELIKE WYSE** | | | 2 |
| 1 | KONSTITUERING | Dr Anton Knoetze | 2 |
| 2 | OPENING | | 6 |
| 3 | LIEF EN LEED | | 6 |
| 4 | SITTINGSTYE | | 6 |
| 5 | SAKELYS EN REËLINGS | | 6 |
| 6 | STEUNSPANNE | | 7 |
| 7 | REGLEMENT VAN ORDE | Ds Helgard J v Rensbug | 7 |
| 8 | REGLEMENT VAN KOINONIA SINODE EN KSDG | Ds Theo Danzfuss | 7 |
| 9 | VERKIESING VAN DIE KONONIA DIENSGROEP (KSDG) | Olv die wnde voorsitter | 7 |
| **SAAM OP WEG IN DIE NG KERK SE KAIROS UUR** | | | 8 |
| 10 | SAAM OP WEG NA REFORMASIE: VERSLAG VAN KAIROS NETWERK | Ds Theo Danzfuss | 8 |
| 11 | SAAM OP WEG NA REFORMASIE: WAAROM 'KOINONIA SINODE'? | Ds Theo Danzfuss | 8 |
| **SAAM OP WEG: TERUG NA DIE BYBEL** | | | 9 |
| 12 | SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR NG KERK-DOLEANSIE | Mnr Gerrie v Niekerk | 9 |
| 13 | SAAM OP WEG: REFORMASIE...HOE HET ONS HIER GEKOM? DEUR DIE BRIL VAN 'N SKRIFGETROUE LIDMAAT | Dr Etienne Liversage | 10 |
| 14 | SAAM OP WEG: REFORMASIE – 'N JONG LERAAR SE PERSPEKTIEF | Ds Diederich Kleynhans | 11 |
| 15 | SAAM OP WEG: REFORMASIE VAN DIE ALGEMENE SINODE? | Dr Johann H Ernst | 11 |
| 16 | SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR MEDIASIE? | Ds Smuts J v Rensburg | 12 |
| 17 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN TEOLOGIESE OPLEIDING | Prof. HJ (Hoffie) Hofmyer | 13 |
| 18 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN LEER EN AKTUELE SAKE | Ds Piet Otto | 15 |
| 19 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KERKREG | Ds Helgard J v Rensburg | 16 |
| 20 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KATEGESE | Dr Henrietta Klaassing | 17 |
| 21 | SAAM OP WEG: REFORMASIE OP DIE KANSEL | Dr Anton Knoetze | 18 |
| 22 | SAAM OP WEG: REFORMASIE IN EN DEUR EVANGELISASIE | Dr Gerhard Mahne | 18 |
| 23 | SAAM OP WEG: REFORMASIE MET STEUN EN ADVIES VAN GERESPEKTEERDE AKADEMICI EN LOJALE EMERITI | Prof Johan J v Rensburg | 19 |
| 24 | GELOOFSVERKLARING VAN FGG | | 19 |
| 25 | BESKRYWINGSPUNTE | KN Dagbestuur | 20 |
| 26 | LAAT STUKKE (Finansies; Verklaring) | | 22 |
| 27 | AFSLUITING | | 27 |

**Die notule moet saamgelees word met die gepubliseerde agenda waarin die volgende opgeneem is: die voorwoord, die vooraf reëlings (deur Kairos Netwerk), die programme vir 3 en 4 Mei te *Ingwe Guest Lodge*, die verslae en aanbevelings. Dieselfde numering is sover moontlik behou en, waar nodig, aangevul.**

Die erediens met verootmoediging, toewyding, danksegging en voorbidding is die vorige aand, soos gereël deur Kairos Netwerk, deur prof Johan Janse van Rensburg aan die hand van Psalm 16 gelei. Die tema van sy preek was "*Jy mors nie met jou erfenis nie*". 'n Musiek- en sanggroep van Vaalrivier het die samesang gelei.

# SAAM OP WEG: OP 'N KERKORDELIKE WYSE

## 1 KONSTITUERING

Kairos Netwerk (KN) het dr Anton Knoetze aangewys as waarnemende voorsitter, ds Helgard Janse van Rensburg as waarnemende skriba, en ds Theo Danzfuss as waarnemende aktuarius. Ter aanvang van die vergadering neem hulle hulle plekke in by die voorsitterstafel.

**Die volgende gemeentelike afgevaardigdes is teenwoordig:**

| | Sinode | Gemeente | Volle Name | Amp |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Goudland | Kollegepark | Ds Deon Pierre Senekal | Leraar |
| 2. | Goudland | Kollegepark | Petrus Johannes Van Den Berg | Kerkraadslid |
| 3. | Goudland | Lichtenburg M/G | Ds Izak Johannes Van Zyl | Leraar |
| 4. | Goudland | Lichtenburg M/G | Johann Duvenage | Kerkraadslid |
| 5. | Goudland | Losberg | Ds Danie Van Zyl | Leraar |
| 6. | Goudland | Losberg | Willem Rossouw | Kerkraadslid |
| 7. | Goudland | Losberg | Naude Van Zyl | Kerkraadslid |
| 8. | Goudland | Oor-die-Vaal | Ds Christiaan Maurtiz Cronjé | Leraar |
| 9. | Goudland | Miederpark | Ds Willem Casper Louw | Leraar |
| 10. | Goudland | Miederpark | Des Humpel | Ouderling |
| 11. | Goudland | Sederpark | Ds Jacobus Stephanus Kloppers | Leraar |
| 12. | Goudland | Vaalrivier | Ds Cornelius Jansen De Jager | Leraar |
| 13. | Goudland | Vaalrivier | Ds Norma Rossouw | Leraar |
| 14. | Goudland | Vaalrivier | Johannes Petrus J. De Jager | Kerkraadslid |
| 15. | Goudland | Vaalrivier | Ignatius Petrus Grundlingh | Kerkraadslid |
| 16. | Goudland | Vdbijlpark-M/G | Ds Louis Koenradt Ries | Leraar |
| 17. | Goudland | Vdbijlpark-M/G | Desmond De Swart | Gemeentelid |
| 18. | Goudland | Vdbijlpark-Sentraal | Ds Louwrens Roos | Leraar |
| 19. | Goudland | VeranderdeLewens | Ds Pieter-Nel Kloppers | Leraar |
| 20. | Goudland | VeranderdeLewens | Hendrik Jacobus Nel Barnard | Berader |
| 21. | Goudland | Westonaria | Ds Christiaan Willem Smith | Leraar |
| 22. | Noordelike | Albertyn | Ds Hendrik Gustav Hoepfner | Leraar |
| 23. | Noordelike | Albertyn | Christoffel Johannes C. De Beer | Kerkraadslid |
| 24. | Noordelike | Albertyn | Richard Fryer Louw | Kerkraadslid |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25. | Noordelike | Albertyn | Francois Alwyn Steyn | Kerkraadslid |
| 26. | Noordelike | Dalunie | Ds Stephanus J. Strydom | Leraar |
| 27. | Noordelike | Dalunie | Gerhardus Jakobus Jv Rensburg | Kerkraadslid |
| 28. | Noordelike | Dalunie | Daniël Johannes Roos | Kerkraadslid |
| 29. | Noordelike | Dalunie | Gysbert J. Kolver De Jager | Kerkraadslid |
| 30. | Noordelike | Wonderboom-Suid | Ds Johannes Jacobus van As | Leraar |
| 31. | Noordelike | Wonderboom-Suid | Ds Tjaart Nicolaas Venter | Leraar |
| 32. | Noordelike | Wonderboom-Suid | Cornelius Alwyn Smith Weber | Ouderling |
| 33. | Noordelike | Wonderboom-Suid | Abraham Paul J. Dippenaar | Ouderling |
| 34. | Oostelike | Basileia | Ds Adriaan Marthinus Nel | Leraar |
| 35. | Oostelike | Basileia | Ds Louis Petrus Jacobus Cloete | Leraar |
| 36. | Oostelike | Basileia | Deon Delport | Kerkraadslid |
| 37. | Oostelike | Basileia | Jan Adriaan Rossouw | Kerkraadslid |
| 38. | Oostelike | Burgersfort | Ds JP Theunis Koen | Leraar |
| 39. | Oostelike | Burgersfort | Pieter De Jager | Kerkraadslid |
| 40. | Oostelike | Burgersfort | Nico Divan Du Plessis | Kerkraadslid |
| 41. | Oostelike | Burgersfort | Jeanette De Jager | Skriba |
| 42. | Oostelike | Moreleta Kerk | Ds Ian Augustus Dubery | Leraar |
| 43. | Oostelike | Moreleta Kerk | Ds Philippus Carel Pretorius | Leraar |
| 44. | Oostelike | Moreleta Kerk | Jan Abraham Nel Grobbelaar | Gemeentelid |
| 45. | Vrystaat | Bethulie | Ds Samuel Johannes Louw | Leraar |
| 46. | Vrystaat | Bethulie | Jacobus Arnoldus Griesel | Diaken |
| 47. | Vrystaat | Clocolan | Ds Etienne Boltman Nolte | Leraar |
| 48. | Vrystaat | Excelsior | Ds Johan Coetzee Marais | Leraar |
| 49. | Vrystaat | Excelsior | Gerhard Jacobus Jv Rensburg | Kerkraadslid |
| 50. | Vrystaat | Heilbron-Suid | John Gottlieb Kriek | Kerkraadslid |
| 51. | Vrystaat | Heilbron-Suid | Stella Magrieta Serfontein | Kerkraadslid |
| 52. | Vrystaat | Heilbron-Suid | Elizabeth Catharina Kriek | Kerkraadslid |
| 53. | Vrystaat | Kestell | Ds Dubois Du Toit | Leraar |
| 54. | Vrystaat | Kestell | Henry Lourens Coetzer | Ouderling |
| 55. | Vrystaat | Kestell | Henry Lindeque | Ouderling |
| 56. | Vrystaat | Kroonstad-Wes | Ds Petrus J.G. Prinsloo | Leraar |
| 57. | Vrystaat | Kroonstad-Wes | Neville De Bruyn | Kerkraadslid |
| 58. | Vrystaat | Marquard | Ds Johannes Rossouw | Leraar |
| 59. | Vrystaat | Marquard | Izelma Lombard | Ouderling |
| 60. | Vrystaat | Marquard | Marthinus Blignaut Greyling | Ouderling |
| 61. | Vrystaat | Sasolburg-Tuinedal | Josephus Fourie | Kerkraadslid |
| 62. | Vrystaat | Sasolburg-Tuinedal | Ds Dawid Francois Lessing | Emeritus |
| 63. | Vrystaat | Sasolburg-Tuinedal | Willem G.J. Pienaar | Kerkraadslid |
| 64. | Vrystaat | Sasolburg-Tuinedal | Pieter Hendrikus G. Kruger | Kerkraadslid |
| 65. | Vrystaat | Vanstadensrus | Ds Nicola George Sennet | Leraar |
| 66. | Vrystaat | Vanstadensrus | Amanda Erasmus | Skriba |
| 67. | Hoëveld | Bethal Oos | Ds Evert Bergh | Leraar |
| 68. | Hoëveld | Bethal Oos | Marita Oosthuizen | Ouderling |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 69. | Hoëveld | Bethal Oos | Ingrid Hildegarde Human | Ouderling |
| 70. | Hoëveld | Bethal Oos | Johannes Human | Ouderling |
| 71. | Hoëveld | Brenthurst | Ds Willem Christoffel Crous | Leraar |
| 72. | Hoëveld | Brenthurst | Susara Christina Stevens | Kerkraadslid |
| 73. | Hoëveld | Charl Cilliers | Dr Ben Petrus Marais | Leraar |
| 74. | Hoëveld | Charl Cilliers | Frans Kok | Kerkraadslid |
| 75. | Hoëveld | Charl Cilliers | Christo Kriek | Kerkraadslid |
| 76. | Hoëveld | Charl Cilliers | Tinus De Jager | Kerkraadslid |
| 77. | Hoëveld | Delmas Wes | Ds Marius Joubert | Leraar |
| 78. | Hoëveld | Delmas Wes | Madel Fourie | Kerkraadslid |
| 79. | Hoëveld | Delmas Wes | Jacobus Nicolaas Fourie | Kerkraadslid |
| 80. | Hoëveld | Evander | Ds Dawid Schalk Meyer | Leraar |
| 81. | Hoëveld | Evander | Elizabeth Aletta M. Hattingh | Kerkraadslid |
| 82. | Hoëveld | Evander | Gert Cornelius M. Hattingh | Kerkraadslid |
| 83. | Hoëveld | Evander | Estelle Meyer | Kerkraadslid |
| 84. | Hoëveld | Germiston-Suid | Gert Lange | Diaken |
| 85. | Hoëveld | Greylingstad | Ds Sarel Marthinus J. Dry | Leraar |
| 86. | Hoëveld | Greylingstad | Sonja Brits | Kerkraadslid |
| 87. | Hoëveld | Kempton-Krag | Ds Cornelius Petrus Steyn | Leraar |
| 88. | Hoëveld | Kempton-Krag | Elisabeth Terblanche/Knoesen | Diaken |
| 89. | Hoëveld | Secunda-Goedehoop | Dr Anton Wynand Knoetze | Leraar |
| 90. | Hoëveld | Secunda-Goedehoop | Ds Diederich J. Kleynhans | Leraar |
| 91. | Hoëveld | Secunda-Goedehoop | Casper Steenkamp | Kerkraadslid |
| 92. | Hoëveld | Secunda-Goedehoop | Johan Hanekom | Kerkraadslid |
| 93. | Hoëveld | Standerton Wes | Ds Christiaan F. Victor | Leraar |
| 94. | Hoëveld | Standerton Wes | Wynand du Plooy | Kerkraadslid |
| 95. | Hoëveld | Standerton Wes | Eusebius Sharpe Saayman | Kerkraadslid |
| 96. | Hoëveld | Standerton Wes | Adriaan Barend Van Jaarsveld | Kerkraadslid |
| 97. | Hoëveld | Standerton-Suid | Ds Pieter Johannes Kotze | Leraar |
| 98. | Hoëveld | Standerton-Suid | Alan Cawood | Kerkraadslid |
| 99. | Hoëveld | Sundra | Johannes Francois R. Neuhoff | Voorsitter |
| 100. | Hoëveld | Sundra | Hercules David Kruger | Ouderling |
| 101. | Hoëveld | Sundra | David Johannes Groesbeek | Ouderling |
| 102. | Hoëveld | Waterval | Ds Willie Francois Du Toit | Leraar |
| 103. | Hoëveld | Waterval | Stephanus Francois Nieuwoudt | Kerkraadslid |
| 104. | Hoëveld | Witfield | Pieter Daniel Badenhorst | Ouderling |
| 105. | Hoëveld | Witfield | Philip Fourie Lloyd | Ouderling |
| 106. | KwaZulu-Natal | Hluhluwe | Ds Ernst Karl Gottschalk | Leraar |
| 107. | Noord-Kaapland | DuToitspan | Ds Lambert Johannes Enslin | Leraar |
| 108. | Noord-Kaapland | DuToitspan | Charl Petrus Britz | Ouderling |
| 109. | Noord-Kaapland | DuToitspan | Daniel Gideon Malan Smith | Ouderling |
| 110. | Noord-Kaapland | DuToitspan | Gerbrecht Elizabeth Minne | Skriba |
| 111. | Noord-Kaapland | Kimberley-!Xun-Alfa | Keeneds Tambe | Kerkraadslid |
| 112. | Noord-Kaapland | Kimberley-!Xun-Alfa | Ko Antonio Kambinda | Kerkraadslid |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 113. | Noord-Kaapland | Kimberley-!Xun-Alfa | Mika Antonio | Kerkraadslid |
| 114. | Noord-Kaapland | Kimberley-!Xun-Alfa | Nicodemus Sabao | Kerkraadslid |
| 115. | Noord-Kaapland | Vryburg-Harmonie | Ds Lucas Marthinus Coreejes | Leraar |
| 116. | Noord-Kaapland | Vryburg-Harmonie | Gerhard Kühn | Kerkraadslid |
| 117. | Oos-Kaapland | Bothasrus | Wentzel Greyling | Ouderling |
| 118. | Oos-Kaapland | Bothasrus | Robert Ernest Griebenow | Voorsitter |
| 119. | Oos-Kaapland | Willowmore | Ds David Cornelis De Wet | Leraar |
| 120. | Oos-Kaapland | Willowmore | Naomi de Wet | Kerkraadslid |
| 121. | Oos-Kaapland | Willowmore | Willem Carel Schoeman | Gemeentelid |
| 122. | Oos-Kaapland | Willowmore | Bernardus Johannes Stegmann | Kerkraadslid |
| 123. | Wes-Kaap | Die Strand | Ds Frederick Van Niekerk | Leraar |
| 124. | Wes-Kaap | Die Strand | Albertus Van Schalkwyk | Gemeentelid |
| 125. | Wes-Kaap | Die Strand | Francois Deyzel | Skriba |
| 126. | Wes-Kaap | Die Strand | Gert Jacobus Van Niekerk | Gemeentelid |
| 127. | Wes-Kaap | Karatara | Ds Marius Xavierus Coetzee | Leraar |
| 128. | Wes-Kaap | Karatara | Nicolaas Christiaan Basson | Kerkraadslid |
| 129. | Wes-Kaap | Karatara | Carl Petrus Van Wyk | Kerkraadslid |
| 130. | Wes-Kaap | Moorreesburg | Ds Gerhardus Hermanus Louw | Leraar |
| 131. | Wes-Kaap | Moorreesburg | Ds Morné Bruwer | Leraar |
| 132. | Wes-Kaap | Robertson | Dr Christoffel Albertyn Fourie | Kerkraadslid |
| 133. | Wes-Kaap | Tafelberg | Ds Chris Saayman | Leraar |
| 134. | Wes-Kaap | Tafelberg | Johann Kirstein Combrink | Kerkraadslid |

**Die volgende benoemdes (adviserend) is teenwoordig:**

1. Dr Johann Ernst*
2. Ds Helgard Janse van Rensburg*
3. Ds Theo Danzfuss*
4. Ds Piet Otto*
5. Prof Hoffie Hofmeyer*
6. Ds Smuts Janse van Rensburg*
7. Albertus Carel Johannes Hanekom
8. Casper Jan Hendrik Steenkamp
9. Alf Olivier
10. Dr Henrietta Klaassing
11. Dr Gerhard Mahne
12. Lené Fourie

* Ook benoem vir die KSDG in die reses (vergelyk Agenda, p 13, punt 4.1, eerste “bullet”).

1.1 ‘n Verteenwoordiger van die Kairos Netwerk (KN), ds Norma Rossouw, lig die vergadering in oor:

- die aantal afgevaardigdes per geloofsbriewe en benoemingsbriewe: 145 (net voor teetyd het nog ‘n afgevaardigde geregistreer wat die totaal 146 gemaak het).

- die aantal stemgeregtigdes teenwoordig: 133 (tot teetyd, daarna 134)
- getal stemme benodig tydens die vergadering vir ‘n volstrekte meerderheid: 66 (tot teetyd, daarna 68).

1.2 Die waarnemende voorsitter kontroleer dit en verklaar die vergadering as wettig gekonstitueer. Die vergadering besluit om ook die voorgestelde benoemings goed te keur.

1.3 Verwelkoming en praktiese reëlings:
Die waarnemende voorsitter verwelkom almal en verduidelik 'n paar praktiese reëlings plus die verloop van die vergadering.

## 2 OPENING

### 2.1 AANBEVELING - GOEDGEKEUR:

2.1.1 Die stemgeregtigde predikant met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering deur voor te gaan met Skriflesing en gebed.

Nà samesang, lees ds Dawie de Wet (Willowmore) Matteus 28:16 – 20 en gaan voor in die gebed.

## 3 LIEF EN LEED

### 3.1 AANBEVELING - GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die vergadering neem kennis van enige besondere lief en leed van 'n lid/lede van die vergadering.

Die Sinode neem kennis van oudl Malan Smith (Marquard) wie se suster ernstig siek is. Ds Etienne Nolte (Clocolan) word later tydens die vergadering verskoon om sy vrou wat ernstig siek is, by te staan.

## 4 SITTINGSTYE

### 4.1 AANBEVELING - GOEDGEKEUR:

Die vergadering keur die volgende sittingstye goed:
Donderdag, 4 Mei 2023

| | |
|---|---|
| 07:30 – 08:30 | Registrasie (persone wat nie vorige dag geregistreer het nie) |
| 08:30 – 09:00 | Dagwyding |
| 09:00 – 09:30 | Konstituering en opening |
| 09:30 – 10:45 | Sitting (eerste sessie) |
| 10:45 – 11:15 | Tee en verversings |
| 11:15 – 13:00 | Sitting (tweede sessie) |
| 13:00 – 14:00 | Middagete |
| 14:00 – 15:50 | Sitting (derde sessie) |
| 15:50 – 16:00 | Afsluiting |

## 5 VASSTELLING VAN DIE SAKELYS EN REËLINGS

### 5.1 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR SOOS GEWYSIG:

5.1.1 Die sakelys word vasgestel en goedgekeur.

**Punt 26 (p 91) word soos volg gewysig:**

**26 LAATSTUKKE**

**26.1 FINANSIES**

**26.2 VERKLARING**

5.1.2 Die Sinode keur dit goed dat ‘n lid slegs een spreekbeurt, nie langer as 3 minute, oor dieselfde saak op die sakelys het, behalwe in die geval waar ‘n persoon ‘n verslag voorhou of hy/sy die voorsteller van ‘n mosie/amendement is. Die vergadering kan, indien spesifieke omstandighede dit regverdig, hierdie beperking by wyse van ‘n ordemosie tydelik wysig.

## 6 STEUNSPANNE

6.1 **AANBEVELING - GOEDGEKEUR:**

6.1.1 Die Sinode wys die volgende aan as steunspanne van die vergadering:

- Stemopnemers: ds Norma Rossouw en span van Vaalrivier.
- Stemtellers: ds Neels de Jager en span van Vaalrivier.
- Skakeling met die media: dr Anton Knoetze, di Theo Danzfuss en Helgard Janse van Rensburg
- Kerkregtelike advies: ds Theo Danzfuss as waarnemende aktuarius met die hulp van dr Johann Ernst en ds Helgard Janse van Rensburg, indien nodig.
- Notule: ds Helgard Janse van Rensburg, ds Smuts Janse van Rensburg en me Magda Leonard van Vaalrivier.

## 7 SAAM OP WEG: KOINONIA REGLEMENT VAN ORDE

**7.1 VERSLAG** (Agenda p 6 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Helgard Janse van Rensburg.

**7.2 AANBEVELING - G OEDGEKEUR:**

7.2.1 Die Sinode keur die Reglement van Orde met die voorgestelde aanpassings goed as geldende ordereëling vir die Koinonia Sinode.

Die Sinode neem kennis van die reëling van Kairos Netwerk dat, in die lig van die beperkte tyd tot beskikking, punt 4.9 aangepas word na spreekbeurte van 5 minute vir die voorsteller, en 3 minute vir repliek deur die voorsteller en ander sprekers wat deelneem aan die debat.

## 8. SAAM OP WEG: REGLEMENT VIR DIE KOINONIA SINODE EN KSDG

**8.1 VERSLAG** (Agenda p 13 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Theo Danzfuss. Hy vestig oa die aandag daarop dat die eerste 6 genomineerdes van KN, is ook genomineer vir die KSDG in die reses (punt 4.1).

**8.2 AANBEVELING - GOEDGEKEUR:**

8.2.1 Die Sinode keur die Reglement vir die Koinonia Sinode goed.

## 9 VERKIESING van die KOINONIA SINODE DIENSGROEP (KSDG)

**9.1 NOMINASIES**

Die nominasie en verkiesing geskied by wyse van geslote stembriefies. Dit vind deurlopend plaas tydens die verloop van die vergadering en word hanteer deur die stemopnemers en stemtellers. Sodra ‘n persoon/persone met ‘n volstrekte meerderheid verkies is, word die uitslae bekend gemaak en gaan die vergadering voort met die verkiesing van die volgende persoon/persone. Die verloop van die verkiesing word opgeneem in die notule en word elke keer in ‘n blok geplaas.

**9.2 AANBEVELING - GOEDGEKEUR:**

Die Sinode verkies by wyse van geslote stemming die volgende lede vir die KSDG:

9.2.1 Voorsitter
9.2.2 Ondervoorsitter
9.2.3 Skriba
9.2.4 Drie addisionele lede
9.2.5 Drie *secundi* lede

**9.3 VOORSTEL - GOEDGEKEUR:**

9.3.1 Die Sinode besluit dat die nuutverkose voorsitter, skriba en ander KSDG-lede se dienswerk 'n aanvang neem direk nà die afsluiting van die huidige vergadering.

9.3.2 Die Sinode versoek Kairos Netwerk om die KSDG steeds adviserend by te staan op die pad vorentoe.

**Voorsteller:** ds Norma Rossouw
**Sekondant:** ds Neels de Jager

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG): Voorsitter**
**Nominasielys vir die voorsitter:**
Ds Diederich Kleynhans
Dr Anton Knoetze
(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

# SAAM OP WEG IN DIE NG KERK SE KAIROS UUR

## 10 SAAM OP WEG NA REFORMASIE: VERSLAG VAN KAIROS NETWERK

**10.1 VERSLAG** (Agenda p 17 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Theo Danzfuss.

**10.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

10.2.1 Die Sinode aanvaar met groot dank die inisiatief en leiding wat Kairos Netwerk die afgelope drie jaar geneem het in ons visie om kerkskeurings te vermy deur die NG Kerk van binne te reformeer.

10.2.2 Die Sinode spreek sy waardering uit vir Kairos Netwerk se positiewe benadering om die leiding in die proses van reformasie geleidelik oor te dra aan die amptelike kerkvergadering van Koinonia Sinode.

10.2.3 Die Sinode aanvaar verantwoordelikheid om as amptelike kerkvergadering hierdie proses van reformasie, sover dit binne sy vermoë is, voort te sit.

**KENNIS GENEEM:**

10.2.4 Die Sinode oorweeg dit tydens die hantering van die Mediasie verslag ernstig om as amptelike kerkvergadering weer te poog om in mediasie met die ASM te gaan.

## 11 SAAM OP WEG NA REFORMASIE: WAAROM 'KOINONIA SINODE' (KS)?

**11.1 VERSLAG** (Agenda p 21 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Theo Danzfuss.

**11.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

11.2.1 Die vergadering besluit om op hierdie stadium by die naam Koinonia Sinode te bly.

11.2.2 Die vergadering respekteer die beginsels en kenmerke soos hierin beskrywe.

11.2.3 Die vergadering moedig gemeentes aan om hierdie verslag wyd te versprei om onnodige misverstande oor die Koinonia Sinode uit die weg te ruim.

| | |
|---|---|
| **9** | **VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG)[vervolg]: Voorsitter**<br>Dr Anton Knoetze is met 'n volstrekte meerderheid aangewys as voorsitter. |

# SAAM OP WEG: KERKREFORMASIE TERUG NA DIE BYBEL

## 12 SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR NG KERK-DOLEANSIE

**12.1 VERSLAG** (Agenda p 26 en verder)

Die verslag word voorgehou deur br Gerrie van Niekerk.

**12.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

12.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag: *Dolerende Gemeentes en Groepe in die NG Kerk*. Die Sinode respekteer elke gemeente se se unieke omstandighede en verwag nie van enige gemeente om te doleer of nie te doleer nie.

12.2.2 Die Sinode wil alle gemeentes wat biddend besluit het om hul stem van protes te laat hoor deur oor te gaan tot doleansie, verseker van die Sinode se begrip vir die moeilike besluite wat hulle moes neem en ook van die Sinode se lojale ondersteuning waar en wanneer hulle dit benodig.

12.2.3 Die Sinode spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor alle Skrifgetroue dolerende en nie-dolerende NG gemeentes wat vas staan in die besluit om nie die kerk te skeur nie, maar hulle te beywer vir kerkreformasie van binne.

12.2.4 Die Sinode versoek die KSDG om toe te sien dat, desnoods met die hulp van Kairos Netwerk en die Familie van Gereformeerde Gemeentes, vir die afsienbare toekoms by wyse van 'n ondersoek en aanbevelings van 'n taakspan, hulp te verleen met die pastorale versorging van dolerende en ander behoudende lidmate.

| | |
|---|---|
| **9** | **VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG)[vervolg]: Ondervoorsitter**<br>**Nominasielys vir die ondervoorsitter:**<br>Ds Ian Dubery<br>Ds Dubois du Toit<br>Ds Diederich Kleynhans<br>Ds PC Pretorius<br>Ds Norma Rossouw<br>Ds Theo Danzfuss*<br>Ds Helgard Janse van Rensburg*<br>Ds Piet Otto* |

* Dié genomineerdes is nie afgevaardigdes van gemeentes nie, maar benoem deur Kairos Netwerk
(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

**GROETEBOODSKAPPE**

Die Sinode ontvang die volgende groeteboodskappe:

1. Alliance of Reformed Churches (VSA): Dan Ackerman en Tim Vink (per video)
2. Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika: ds Petrus Venter, voorsitter van die GKSA se Deputate Ekumene – nasionaal en internasionaal (nie-amptelike groeteboodskap).
3. Noordwes Universiteit se Teologiese Skool/Gereformeerde Teologiese Akademie(GTA): dr Gerard Meijer, die voorsitter van die Kuratorium van die Teologiese Skool van die GKSA (nie-amptelike groeteboodskap).
4. Afrikaanse Protestante Kerk (APK) en Lig in Duisternis Uitgewers: ds Schalk Strauss (nie-amptelik tov APK / amptelik namens Lig in Duisternis Uitgewers).

Die vergadering verdaag vir tee en verversings.

**BOEKBEKENDSTELLING**

Dr Gerhard Mahne kry die geleentheid om sy boek *Die Kerk met die Verkeerde Baas* bekend te stel.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG)[vervolg]: Ondervoorsitter**
**Tweede stemming vir 'n ondervoorsitter:**
Die volgende genomineerdes het die meeste stemme en saam 'n volstrekte meerderheid stemme gekry:
Ds PC Pretorius
Ds Norma Rossouw
(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

## 13 SAAM OP WEG NA REFORMASIE. HOE HET ONS HIER GEKOM? ...DEUR DIE BRIL VAN N SKRIFGETROUE LIDMAAT

**13.1 VERSLAG** (Agenda p 31 en verder)

Die verslag word voorgehou deur dr Anton Knoetze.

**13.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

13.2.1 Die Sinode neem met groot dank kennis van hierdie insiggewende analise wat dr Liversage as onderwyskundige en lojale lidmaat van die NG Kerk, uit eie oorweging saamgestel het om aan te dui watter faktore 'n rol speel in 'n proses waarin die NG Kerk besig is om sy eersgeboortereg te verruil vir 'n pot lensiesop.

13.2.2 Die Sinode moedig deelnemende kerkrade aan om hierdie navorsing uit die pen van ‘n gewone Skrifgetroue lidmaat, ook aan elke lidmaat beskikbaar te stel as illustrasie van die groot rol wat gewone Skrifgetroue lidmate kan vervul op ons pad van kerkreformasie.

13.2.3 Die Sinode nooi dr. Liversage uit om steeds soortgelyke resultate van sy navorsing in kort en maklik leesbare formaat na die KSDG te stuur vir plasing in ons gereelde omsendbriewe aan gemeentes.

13.2.4 Die Sinode gee tyd vir ‘n kort tafelgesprek oor hoe hierdie artikel van dr. Liversage en soortgelyke skrywes van ander Skrifgetroue lidmate, maklik beskikbaar gestel kan word vir al die lidmate van die NG Kerk.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [vervolg]: Ondervoorsitter**
Ds PC Pretorius is met ‘n volstrekte meerderheid aangewys as ondervoorsitter.

## 14 SAAM OP WEG NA REFORMASIE: ’N JONG LERAAR SE PERSPEKTIEF

**14.1 VERSLAG** (Agenda p 46 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Diederich Kleynhans.

**14.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR SOOS GEWYSIG (in punt 14.2.3):**

14.2.1 Die Sinode neem met groot dank kennis dat daar nog jong dinamiese leraars in die NG Kerk is wat getrou is aan die Bybel en lief is vir ons gereformeerde belydenisse.

14.2.2 Die Sinode moedig ons Skrifgetroue jong leraars aan om hulle te beywer vir goeie akademiese kwalifikasies in die gereformeerde Teologie sodat hulle kan help om ons Teologiese opleiding weer Skrifgetrou te maak.

14.2.3 Die Sinode versoek gemeentes om gereeld voorbidding te doen vir al ons Skrifgetroue jong leraars, Teologiese studente en dosente en hulle gades.

14.2.4 Die Sinode dra dit op aan die Taakspan wat verantwoordelik is vir begeleiding van teologiese studente om ook gereelde kontak te hou met die behoudende jong leraars wat reeds in die bediening staan en om hulle te betrek by die VTO-kursusse wat KS aanbied en/of aanbeveel.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Skriba**
**Nominasielys vir die skriba:**
Ds Diederich Kleynhans
Ds Helgard Janse van Rensburg*
Ds Norma Rossouw
* Dié genomineerde is nie ‘n afgevaardigde van ‘n gemeente nie, maar benoem deur Kairos Netwerk
(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

## 15 SAAM OP WEG: REFORMASIE VAN DIE ALGEMENE SINODE?

**15.1 VERSLAG** (Agenda p 51 en verder)

Aangesien die inhoud van die verslag aansluit en voortbou op die verslag: **Reformasie deur Mediasie? (**punt 16 op p 60 en verder), reël die voorsitter dat punt 16 eerste dien en daarna punt 15. Die verslag word voorgehou deur dr Johann Ernst.

**15.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR SOOS GEAMENDEER (Voorsteller:** ds Neels de Jager; **sekondant:** ds Norma Rossouw) **(punt 15.2.1; die numering daarna aangepas):**

Gegewe die feit dat mediasie (beslegting van kerklike geskille) die enigste oorblywende en aanvaarbare uitweg is wat beswaardes se vasgelooptheid ten opsigte van die Algemene Sinode betref, besluit die Koinonia Sinode die volgende:

15.2.1 Die KSDG kry opdrag om die verskillende mediasie opsies te ondersoek, regsadvies in te win, en dan amptelik oor die metode van mediasie te onderhandel en met die proses te begin. In die uitvoer van die opdrag, kan die volgende oorweeg word:

15.2.1.1 Kerkrade van dolerende en behoudende gemeentes van die NG Kerkverband tree by wyse van formele kerkraadsbesluite as gesamentlike partye toe tot 'n kerklike geskil wat teen die Algemene Sinode van die NG Kerk aanhangig gemaak word.

15.2.1.2 Beswaarde lidmate van gemeentes van die NG Kerkverband is welkom om hulle as party tot die geskil te voeg.

15.2.1.3 Kerkrade en lidmate wat tot die geskil toetree, gee op geskrewe wyse aan sekere aangewese persone die volmag om namens hulle tydens die geskilbeslegting op te tree en alternatiewe oplossings te vind wat vir al die betrokkenes aanvaarbaar is.

15.2.1.4 Die gevolmagtigde persone ontvang ook volmag om die mediator(s) deur die Algemene Sinode aangewys, goed of af te keur.

15.2.1.5 Die aangewese persone rapporteer aan die volmaggewers oor die verloop en afloop van die geskilbeslegting.

15.2.1.6 Die geskilbeslegting moet sover moontlik afgehandel wees voor die eersvolgende sitting van die Algemene Sinode, sodat die uitkoms deur die Algemene Sinode bekragtig kan word en direk daarna in werking gestel kan word.

**KENNIS GENEEM:**

15.2.2 Indien die Algemene Sinodale Moderamen as gevolmagtigde van die Algemene Sinode nie voor 30 Junie 2023 instem tot geskilbeslegtiging nie, word volmag gegee aan die aangewese persone om namens die toetredende party die burgerlike hof te nader om die Algemene Sinode te verplig om sonder versuim aan die mediasie proses deel te neem.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Skriba**
**Nominasielys vir die skriba:**
Ds Norma Rossouw is met ‘n volstrekte meerderheid aangewys as skriba.

## 16 SAAM OP WEG: REFORMASIE DEUR MEDIASIE?

**16.1 VERSLAG** (Agenda p 60 en verder)

Aangesien die inhoud van die verslag kan dien as die vertrekpunt waarop aangesluit en voortgebou word in die verslag: **Reformasie van die Algemene Sinode? (**punt 15 op p 51 en verder), reël die voorsitter dat punt 16 eerste dien en daarna punt 15. Die verslag word voorgehou deur ds Smuts Janse van Rensburg.

**16.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

16.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag.

16.2.2 Die Sinode betreur die situasie waarin die NGK deur Skrif- en leerdwaling beland het. Daarmee saam betreur die Sinode die onkerkordelike wyse waarop die AS die stem,

geweeklaag en getuienis van behoudende lidmate en kerkveraderings hanteer en selfs ignoreer.

16.2.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor Kairos Netwerk vir die volhardende en verskeie pogings wat aangewend is om die besware, bekommernisse en hartseer van lidmate, kerkrade en ringe onder die aandag van die Algemene Sinode te bring en om daaroor in gesprek te tree.

16.2.4 Die Sinode betreur die wyse waarop pogings van Kairos Netwerk om in gesprek met die Algemene Sinode te tree, telkens afwysend begroet is.

16.2.5 Die Sinode gee opdrag aan die KSDG om in samewerking met KN-regspan die moontlikheid van mediasie met juridiese gesag verder te ondersoek. Ondersoek moet gedoen word na die benodigde mandaat vir mediasie, die *locus standi* van die KS of sy gevolmagtigde as party, sake wat die KS op die tafel wil plaas vir mediasie, die ononderhandelbare sake van die kant van die KS, die pad vorentoe nà mediasie, ens.

16.2.6 Die Sinode versoek die KSDG om met inagneming van alle ter saaklike inligting én regsadvies, te besluit of mediasie ‘n daadwerklik bydrae kan lewer tot radikale kerkreformasie van binne, terwyl daar geen toegewings gemaak word om on-Bybelse leringe te aanvaar nie.

16.2.7 Die Sinode gee aan die KSDG volmag om, ná die inwin van toepaslike inligting en regsadvies, ‘n besluit te neem oor mediasie al dan nie. Indien daar op mediasie besluit word, gee die Sinode aan KSGD volmag om voort te gaan met ‘n mediasie proses tussen die KS en die AS.

16.2.8 Dit is die Sinode se gebed dat die pogings wat aangewend word om die kerk te reformeer, goeie vrug sal dra tot heil van die kerk en tot eer van die Here.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Drie addisionele lede**

**Nominasielys vir die addisionele lede:**

Ds Theo Danzfuss*
Ds Neels de Jager
Ds Ian Dubery
Ds Dubois du Toit
Ds Ernst Gottschalk
Ds Diederich Kleynhans
Ds Helgard Janse van Rensburg*
Ds Kobus Kloppers
Ds Johan Koen
Izelma Lombard
Dr Bennie Marais
Ds Piet Otto*
Francois Steyn
Ds Johan van As

* Dié genomineerdes is nie afgevaardigdes van gemeentes nie, maar benoem deur Kairos Netwerk

(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

## 17 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN TEOLOGIESE OPLEIDING

**17.1 VERSLAG** (Agenda p 65 en verder)

Die verslag word voorgehou deur prof JW (Hoffie) Hofmeyr.

**17.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

17.2.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die invloede vanuit die liberalisme en relativisme wat lei tot die agteruitgang van gebalanseerde gereformeerde teologiese opleiding aan die huidige drie Teologiese Fakulteite waar die NGK se studente teologiese opleiding ontvang.

17.2.2 Die Sinode aanvaar die huidige nuwe informele reëling met betrekking tot ‘n klassieke teologiese opleiding, en is tevrede dat dit natuurlik verder kan ontwikkel.

17.2.3 Die Sinode let intussen noukeurig op die implikasies van moontlike Teologiese verskille met sommige van hierdie opleidinginstansies instansies soos bv die GTA en die APA, en onderhandel slegs met duidelike voorbehoude tov hantering van moontlike Teologiese verskille.

17.2.4 Die Sinode sal hom, as ‘n Skrifgetroue Sinode wat nie gebind is deur enige taal- en kulturele grense nie, deurgaans veral deur prinsipiële en teologiese oorwegings laat lei.

17.2.5 Die Sinode neem met dank kennis van moontlikhede by Veritas, veral vir die opleiding van Diensleraars. Aangesien die Sinode tans nog nie ’n formele ooreenkoms met VCI gesluit het tov die opleiding van diensleraars nie, moet die Sinode die huidige vertrouens-verstandhouding tussen hierdie partye waardeer en eerbiedig.

17.2.6 Die Sinode steun die beplanning van hieropvolgende VTO-geleenthede.

17.2.7 Die Sinode spreek hom positief uit oor die “Gap”-jaar en wens die organiseerders alle voorspoed toe met die beplanning daarvan by die Adullam-kerklike opleidingsentrum naby Secunda.

17.2.8 Die Sinode neem met waardering kennis van die ontwikkeling van gedagtes oor ‘n Begeleidingskommissie vir Teologiese Opleiding en die Sinode moet nou uitsluitsel gee oor die voortsetting en implementering van hierdie visie.

17.2.9 Die Sinode spreek hom in beginsel positief uit oor verskillende verdere aksies wat rondom teologiese opleiding bedink en oorweeg word.

**VOORSTELLE - GOEDGEKEUR (Voorsteller: ds. PC Pretorius; sekondant: ds. Ian Dubery):**

17.2.10 Die Sinode moedig gemeentes aan om meer lidmate te motiveer om by genoemde akademiese sentra opgelei te word. Die Sinode verbind haarself om sulke lidmate te help om in gemeentes te bedien.

17.2.11 Die Sinode versoek die Taakspan om ondersoek in te stel oor hoe ons legitimasie kan verleen aan leraars/diensleraars wat by genoemde akademiese sentra opgelei is.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Drie addisionele lede**
**Nominasielys vir die skriba:**

Di Dubois du Toit en Diederich Kleynhans word met ‘n volstrekte meerderheid aangewys as addisionele lede.

‘n Tweede stemming vind plaas tussen die volgende persone wat die meeste en saam ‘n volstrekte meerderheid stemme gekry het:

Ds Neels de Jager
Dr Bennie Marais
(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

Ds Theo Danzfuss doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete in die aangewese lokale vir die verskillende groepe.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Drie addisionele lede**
**Nominasielys vir die skriba:**
Dr Bennie Marais word met ‘n volstrekte meerderheid as addisionele lid aangewys.

## 18 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN LEER EN AKTUELE SAKE

**18.1 VERSLAG** (Agenda p 68 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Piet Otto.

**18.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR SOOS GEAMENDEER (Voorsteller:** ds. Neels de Jager**; sekondant:** ds. Piet Otto**) (punt 18.2.3):**

18.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag.

18.2.2 Die Sinode herbevestig sy geloofsverklaring dat die Bybel die Woord van God aan ons is, en verstaan word soos uiteengesit in die belydenisskrifte van die kerk.

18.2.3 Die volgende besluite van die Algemene Sinode word hiermee verwerp/nietig verklaar as on-Bybels:

18.2.3.1 Die totaliteit van die besluit van die Algemene Sinode 2019 rondom selfdegeslagverhoudinge.

18.2.3.1.1 Elke individu in Suid-Afrika het die reg om self te besluit hoe hy of sy wil lewe en met wie hy of sy in ’n verhouding wil tree. Ons erken hierdie sekulêre reg en gun alle mense die vryheid van eie besluitneming.

18.2.3.1.2 Die Bybel is egter ondubbelsinnig dat die huwelik ’n heilige lewenslange eenheid tussen een man en een vrou is (Matt. 19:4-6). Die Bybel is eweneens duidelik daaroor dat die uitlewing van menslike seksualiteit slegs binne die ruimte van die huwelik hoort (Lev. 18; Deut. 22; en 1 Kor. 7:1-3).

18.2.3.2 Die besluit en beredenering van die Algemene Sinode rondom die verstaan van die Bybel as dat dit slegs ’n menslike dokument is wat wel die woorde van God bevat. Saam met Artikel 3 van die NGB bely ons dat hierdie Woord van God nie deur die wil van ’n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek soos die heilige Petrus sê in 2 Pet. 1:21. Ons aanvaar die geheel van die 66 boeke van die Bybel as God se onfeilbare Woord en ons sal ons laat lei *sola Scriptura.*

18.2.3.3 Die besluit van die Algemene Sinode om die bestaan al dan nie van die duiwel aan eie willekeur oor te laat. Die Here Jesus is deur die duiwel in die woestyn versoek (Matt. 4:1-11). Ons Here Jesus verwys na die duiwel as die vader van die leuen (Joh. 8:44-47). In 1 Petrus 5:8 hoor ons dat Petrus sê die duiwel soos ’n brullende leeu rondloop. Ons loop die

duiwel al so vroeg soos Genesis 3 raak as die slang in die Tuin van Eden en in Openbaring 12:9 word dit vir ons duidelik gemaak dat die draak, die slang, wel die duiwel is.

18.2.3.4 Die Algemene Sinode se gemaklikheid met saamwoon as alternatief vir die huwelik.

18.2.3.5 Die tendens in die NG Kerk om na God as "Moeder" of "Sy" te verwys. God openbaar Hom in die Bybel as Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie Trinitariese verstaan van God word ook uitgebeeld in die Doopformulier. Die Here Jesus het in die groot opdrag van Matteus 28:18-20 ook hierdie Trinitariese verwysing in die doopformulier gebruik.

18.2.4 Die Sinode besluit dat die AS versoek word om sy skuld in die verkondiging van dwaalleringe te erken, hom daarvan te bekeer, terug te keer na die reformatoriese verstaan van *Sola Scriptura* en te kies vir 'n pad van radikale reformasie om sodoende God se alleenreg op die kerk te bevestig en kerkskeuring te voorkom.

18.2.5 Die Sinode besluit dat in die lig van die AS se aanvaarding van punt 18.2.4, ATLAS ontbind en opnuut saamgestel word om uitvoering te gee aan sy opdrag om leer en aktuele sake in die lig van die ortodokse gereformeerde beginsels van Skrifgebruik en Skrifverstaan te hanteer.

18.2.6 Die Sinode versoek alle dolerende, Skrifgetroue gemeentes en behoudende lidmate om aan die voorgaande besluite uitvoering te gee deur dienooreenkomstige beswaarskrifte aan die AS deur te stuur.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Drie secundi lede vir die KSDG**

**Nominasielys vir die secundi:**

Ds Neels de Jager
Ds Ian Dubery
Ds Ernst Gottschalk
Ds Kobus Kloppers
Ds Johan Koen
Izelma Lombard
Ds Pieter Prinsloo
Francois Steyn
Ds Johan van As
Gerrie van Niekerk*

* Dié genomineerde is nie 'n afgevaardigde van 'n gemeente nie, maar benoem deur Kairos Netwerk

(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

## 19 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KERKREGERING

**19.1 VERSLAG** (Agenda p 72 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Helgard Janse van Rensburg.

**19.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

19.2.1 Die Sinode neem kennis van die verslag: SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KERKREGERING.

19.2.2 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat kerkraadsverkiesings, die samestelling van

kerkrade en die toerusting van kerkraadslede sal geskied in ooreenstemming met die NGB en die *Kerkorde*;

19.2.2.1 kerkrade lidmate in die amp van gelowige toerus sodat elkeen ‘n draer en beskermer vir die waarheid sal wees; en

19.2.2.2 kerklike opsig en tug, as een van die kenmerke van die ware kerk[1], die nodige aandag kry.

19.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om hulle daarvoor te beywer dat ringe korrek saamgestel word en verantwoordelikheid neem vir hulle opdragte soos in die *Kerkorde* bepaal.

19.2.4 Die Sinode versoek kerkrade om volhardend te getuig vir die waarheid in sinodale gesprekke en besluitneming.

19.2.5 Die Sinode versoek kerkrade om onverwyld (voor 1 Junie 2023) beskrywings-punte[2] by die Algemene Sinode (AS) in te dien waarin die AS versoek word om sy samestelling dringend te hersien sodat

19.2.5.1 die AS ‘n <u>sinode van sinodes</u> met gelyke verteenwoordiging van sinodes sal wees;

19.2.5.2 *alleenlik* NGK dosente *slegs* met adviserende stem teenwoordig sal wees;

19.2.5.3 sinodes toegelaat sal word om *sonder enige voorskrifte of beperkings* ten opsigte van ouderdom of geslag hulle afvaardigings aan te wys; en

19.2.5.4 die AS die *Kerkorde* Artikel 20 so sal wysig dat al die besluite van die AS nie langer gesag sal hê en dus bindend sal wees vir mindere vergaderings nie, maar dat dit alleenlik gesag sal dra en bindend sal wees nadat en in soverre die mindere vergaderings dit goedgekeur/aanvaar het (maw dat die AS nie langer ‘n sinode sal wees wat bindende besluite neem nie, maar ‘n federale sinode/raad met beperkte besluitnemingsbevoegdheid).

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Drie secundi lede vir die KSDG**

Ds Neels de Jager word met ‘n volstrekte meerderheid stemme aangewys as secundus.

**‘n Tweede rondte stemming tussen die volgende persone word gehou:**

Ds Ian Dubery
Ds Ernst Gottschalk
Ds Johan Koen
Izelma Lombard
(Die vergadering stem by wyse van geslote stembriefies)

## 20 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KATEGESE

**20.1 VERSLAG** (Agenda p 77 en verder)

Die verslag word voorgehou deur dr Henrietta Klaasing.

**20.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

20.2.1 Die Sinode neem met groot dank kennis van die verslag: SAAM OP WEG: REFORMASIE IN ONS KATEGESE

20.2.2 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat ouers hul doopbelofte nakom om hul kinders

[1] NGB Artikels 29 en 32

[2] Vir vereistes van **beskrywingspunte**, kyk na *Kerkorde* 2019, p 37 – 38, punt 7.

in die leer van die kerk te onderrig en te *laat* onderrig en dat kategese onderrig die kennis van die leer oor sonde, verlossing en dankbaarheid insluit.

20.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat die aflê van die Belydenis van Geloof herstel word. Dit sluit in dat die ware en volkome leer van saligheid aan die katkisante voorgehou word en daar ware bekering plaasgevind.

**NIE GOEDGEKEUR NIE:**

20.2.4 Die Sinode versoek kerkrade om ouers te ontmoedig om kinders na die #Imagine-feeste te stuur.

**GOEDGEKEUR:**

20.2.5 Die Sinode gee volmag aan die KSDG om in die reses ‘n ad-hoc taakspan te benoem om ‘n verslag op te stel wat gemeentes kan help om groter erns te maak met die teorie en die praktyk van deeglike gereformeerde kategese.

**VOORSTEL - GOEDGEKEUR (Voorsteller:** Francois Steyn**; sekondant:** Richard Louw**):**

20.2.6 Die Sinode gee volmag aan die KSDG om in die reses ’n ad hoc taakspan te benoem om kategese leerstof te formuleer asook huisgodsdiens te formuleer of voor te stel.

## 21 SAAM OP WEG: REFORMASIE OP DIE KANSEL

**21.1 VERSLAG** (Agenda p 80 en verder)

Die verslag word voorgehou deur dr Anton Knoetze.

**21.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

21.2.1 Die Sinode bevestig dat Christus Sy kerk deur Sy Woord regeer en dat deeglike biddende voorbereiding en Skrifuitleg nodig is om ware reformasie vanaf die kansel te bewerk.

21.2.2 Die Sinode bevestig dat die ontmoetingsgebeure van die erediens nie vervang kan word met pogings om getalle na te jaag nie.

21.2.3 Die Sinode bevestig dat die verkondiging en handhawing van die gesonde gereformeerde leer die taak van die prediker sowel as die kerkraad is, en dat lidmate so toegerus moet word om reformasie op die “markplein” voort te sit.

21.2.4 Die Sinode bevestig dat gemeentes die verantwoordelikheid het om mekaar hierin te ondersteun sodat deur ware reformasie op die kansel, en die kweek van begrip en waardering vir die gereformeerde erediens by lidmate, die eer van God voorop sal staan.

21.2.5 Die Sinode vermaan leraars en kerkrade om toe te sien dat die heilige sakramente wat Christus vir Sy Kerk gegee het, nie vervang of aangevul word met allerlei addisionele rites en simbole wat die fokus van die heilige tekens wat God ingestel het, wegneem nie.

## 22 SAAM OP WEG: REFORMASIE IN EN DEUR EVANGELISASIE

**22.1 VERSLAG** (Agenda p 82 en verder)

Die verslag word voorgehou deur dr Gerhard Mahne.

**22.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR SOOS GEWYSIG (punt 22.2.2):**

22.2.1 Die Sinode aanvaar met dank die evangelisasieverslag en verwys die insigte wat daarin vervat is, na gemeentes om biddend te oorweeg.

22.2.2 Die Sinode aanvaar opnuut weer die kerk se roeping om die evangelie uit te dra na alle

mense ongeag hulle taal, kultuur, seksuele oriëntasie en godsdienstige grense.

22.2.3 Die Sinode ondersteun die beginsel van noue samewerking met ander gereformeerde kerke in die gehoorsame uitvoering van ons opdrag tot sending en evangelisasie.

22.2.4 Die Sinode ondersteun die inisiatiewe van gemeentes wat geroepe voel om hul sendingroeping uit te leef deur self, of in samewerking met ander gemeentes, sendingkonferensies en evangelisasie-saamtrekke te reël.

22.2.5 Die Sinode versoek KSDG om terug te rapporteer oor beskikbare Skrifgebaseerde kursusmateriaal met die oog op evangelisasie-opleiding **van** lidmate in die amp van die gelowige (1 Pet:2:9 koning, priester, profeet – *munus triplex Christi*). Die materiaal moet praktykgerig wees en bruikbaar vir gelowiges se roeping in alle sektore van die samelewing.

22.2.6 Die Sinode versoek KSDG om terugvoer te gee oor Skrifgetroue kursusmateriaal met die oog op sending en evangelisasie vir kategete, ouderlinge, diakens en kerkraad-diensgroepe.

## 23 SAAM OP WEG: REFORMASIE MET STEUN EN ADVIES VAN GERESPEKTEERDE AKADEMICI EN LOJALE EMERITI

### 23.1 VERSLAG (Agenda p 85 en verder)

Die verslag word voorgehou deur prof Johan Janse van Rensburg. Die aanbevelings word daarna voorgehou deur dr Anton Knoetze.

### 23.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR (soos gewysig punt 23.2.3):

23.2.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor al die lojale Skrifgetroue emeritus teologiese dosente en -leraars wat hul volle ondersteuning gee vir die proses van kerkreformasie.

23.2.2 Die Sinode dank die emeritus teologiese dosente en -leraars by wie baie van ons leraars die voorreg gehad het van ‘n Skrifgetroue gereformeerde teologiese opleiding, en dat ons steeds op hulle wysheid, insig en leiding kan staatmaak.

23.2.3 Die Sinode versoek behoudende leraars, gemeentes en lidmate om moeite te doen om steeds die Skrifgetroue emeriti in hul omgewing te betrek by eredienste, Bybelskole, Bybelstudies en ander gemeentewerk waar hulle vir die kerk en die reformasie proses tot seën kan wees.

## 24 GELOOFSVERKLARING VAN FAMILIE VAN GEREFORMEERDE GEMEENTES

### 24.1 VERSLAG (Agenda p 87 en verder)

Die verslag word voorgehou deur ds Smuts Janse van Rensburg.

#### 24.1.1 GELOOFVERKLARING

**Sien Bylaag 1**. (Agenda p 92 en verder)

Die inhoud van die Geloofsverklaring word nie tydens die sinode bespreek nie, maar wel vir kennisname en kommentaar deurgegee aan al Skrifgetroue gemeentes.

#### 24.1.2 GELOOFSVERKLARING VS GELOOFSBELYDENIS?

**Sien Bylaag 2.** (Agenda p 95 en verder)

Die bylaag oor die verskille tussen ‘n geloofsbelydenis en geloofsveklaring is bloot vir kennisname. Gemeentes is welkom om daarop skriftelike kommentaar te lewer.

#### 24.1.3 VRYE ENGELSE VERTALING VAN DIE GELOOFSVERKLARING

**Sien Bylaag 3.** (Agenda p 97 en verder)

Aangesien kairos Netwerk reeds nie-amptelik heelwat gesprekke gehad het met verskeie Engelssprekende gereformeerde kerke plaaslik en internasionaal, is die proefvertaling van die Geloofsverklaring wat by die FGG byeenkoms opgestel was ook beskikbaar vir gemeentes se gebruik asoook hul kommentaar.

**24.2 AANBEVELINGS - GOEDGEKEUR:**

24.2.1 Die Sinode neem kennis van die Geloofsverklaring wat by die Familiebyeenkoms van gereformeerde gemeentes (FGG) opgestel en uitgereik is.

24.2.2 Die Sinode verwys dit na al die deelnemende gemeentes van KS vir kommentaar met die oog daarop dat dit dalk met geringe wysigings by ons volgende vergadering ook aanvaar kan word as KS se eietydse getuienis.

**25 BESKRYWINGSPUNTE**

**25.1 UITVOERING VAN KS-BESLUITE**

**25.1.1 BESKRYWINGSPUNT: BS.1** (Agenda p 87 en verder)

Die beskrywingspunt word deur Gerrie van Niekerk voorgehou.

**25.1.2 BESLUIT - AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG WORD GOEDGEKEUR:**

Die Koinonia Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur ondergewig daaraan dat die KSDG oordeel dat die nodige fondse beskikbaar is:

25.1.2.1 Dat 'n KS taakspan aangewys word om in samewerking met Kairos Netwerk (KN) ondersoek te doen na koste-effektiewe opsies om kontinuïteit te gee aan die goedgekeurde aanbevelings wat voortspruit uit die Koinonia Sinode (KS);

25.1.2.2 Dat kort (3-6 maande) en medium (6-18 maande) termyn aanbevelings gemaak word tov administratiewe en finansiële behoeftes wat begrotings- en implementerings-voorstelle insluit;

25.1.2.3 Dat die geskrewe aanbevelings gerig word aan die KS Diensgroep en KN se Sentrale Werkgroep, wat die aanbevelings beoordeel en toepaslike besluite neem om as saak van dringendheid uitvoering te kan gee aan die aanbevelings wat voortspruit uit KS.

**25.2 HERSTEL VAN ONDERMYNDE FONDAMENTE.**

**25.2.1 BESKRYWINGSPUNT BS.2** (Agenda p 88 en verder)

Die beskrywingspunt word deur Gerrie van Niekerk voorgehou.

**25.2.2 BESLUIT - AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG WORD GOEDGEKEUR:**

Die Koinonia Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur ondergewig daaraan dat die KSDG oordeel dat die nodige fondse beskikbaar is:

25.2.2.1 Taakspan 1: Skriftuurlik. Ondersoek die oorsake vir Skriftuurlike dwalings. Maak aanbevelings hoe dit voorkom kan word. Ondersoek ook die prosesse en sisteme wat gevolg moet word om Skriftuurlikverwante ondersoeke en aanbevelings te doen al dan nie.

25.2.2.2 Taakspan 2: Belydenisskrifte. Ondersoek die oorsake dat die 3 Belydenisskrifte oënskynlik in onbruik verval het. Maak aanbevelings hoe die Belydenisskrifte positief aangewend en suiwer gehou kan word.

25.2.2.3 Taakspan 3: Kerkregtelik. Ondersoek die oorsake dat die kerkordelike en kerkregtelike prosesse nie meer aan die doel beantwoord waarvoor dit geskep is nie. Herbevestig die vereistes waaraan dit moet voldoen en maak aanbevelings hoe dit reggestel kan word.

25.2.2.4 Taakspan 4. Kerklike Tug. Ondersoek die oorsake dat kerklike tug in onbruik verval het en nie die doel bereik waarvoor dit ingestel is nie. Maak aanbevelings hoe dit voorkom en reggestel kan word.

**25.3 DRAERS VAN DIE WAARHEID**

**25.3.1 BESKRYWINGSPUNT BS 3** (Agenda p 90)

Die beskrywingspunt word deur Gerrie van Niekerk voorgehou.

**25.3.2 BESLUIT - DIE AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG WORD GOEDGEKEUR:**

Die Koinonia Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur ondergewig daaraan dat die KSDG oordeel dat die nodige fondse beskikbaar is:

25.3.2.1 Dat ‘n KS Taakspan aangewys word om in samewerking met Kairos Netwerk (KN) ondersoek te doen na koste-effektiewe opsies om effektiewe draers en beskermers van die Waarheid te wees as verlengstuk van gemeentes se verantwoordelikheid.

25.3.2.2 Dat onder andere oorweging gegee sal word aan samewerkingsmoontlikhede met Skrifgetroue geloofsgemeenskappe, mediahuise en/of publikasies en radiostasies.

25.3.2.3 Dat die geskrewe aanbevelings van die Taakspan gerig word aan die KS Diensgroep en KN se Sentrale Werksgroep, wat die aanbevelings beoordeel en toepaslike besluite kan neem.

**25.4 EVANGELISASIE**

**25.4.1 BESKRYWINGSPUNT BS 4** (Agenda p 90 en verder)

Die beskrywingspunt word deur Alf Olivier voorgehou.

**25.4.2 BESLUIT - DIE AANBEVELINGS SOOS GEWYSIG WORD GOEDGEKEUR:**

Die Koinonia Sinode besluit om die volgende ondersoeke goed te keur ondergewig daaraan dat die KSDG oordeel dat die nodige fondse beskikbaar is:

25.4.2.1 ‘n Ondersoek oor die redes vir die afname van evangelisasie in die NGK te loods – en met aanbevelings vorendag te kom om dit te herstel.

25.4.2.2 Om die behoefte van evangelisasie in ‘n vervalle gemeenskap te ondersoek – en met voorstelle vorendag te kom om die politiese verval, korrupsie en blatante uitsprake aan te spreek.

25.4.2.3 Om ‘n hernieude fokus op die plaaslike gemeenskap in gemeentes se onmiddellike omgewing te plaas – teenoor missionale uitreike oor landsgrense heen. Hierdie span moet met praktiese voorstelle kom oor hoe om plaaslike impak te maak en ‘n daadwerklike verskil te kan teweeg bring.

25.4.2.4 Om ‘n model te formuleer vir meewerking oor ekumeniese grense heen waardeur plaaslike gemeentes met vrymoedigheid kan saamwerk met ander Skrifgetroue kerke.

25.4.2.5 Om die befondsing van plaaslike gemeenskapsorg te ondersoek en met voorstelle vorendag te kom oor hoe fondse, borge en begroting aangewend behoort te word om suksesvol te funksioneer.

25.4.2.6 Om die moontlike impak op huidige evangelisasie praktyke van die wetsontwerp op die voorkoming en bestryding van haatmisdaad en haatspraak te analiseer en moontlike aanpassings vir oorweging aan te beveel.

## 26 LAATSTUKKE

### 26.1 FINANSIES

Die volgende verslag word as laat stuk aan die vergadering voorgelê en deur ds Theo Danzfuss voorgehou:

## Finansies van Koinonia Sinode 2023-2024

Die KS besluit op watter wyse die inkomste en uitgawes vir KS-werksaamhede bestuur moet word.

**1. Opsie 1**: KS werk basies op dieselfde wyse as die ander sinodes soos volg:
Daar word vooraf 'n begroting opgestel van die beraamde uitgawes vir die jaar. Die totale beraamde uitgawe vir die jaar word volgens 'n goedgekeurde formule verdeel tussen die deelnemende gemeentes. Elke deelnemende gemeente betaal dus (maandeliks of soos ooreengekom met KSDG) die vasgestelde "sinodale aanslag" oor. KSDG bestuur die inkomste en uitgawes en voorsien jaarliks 'n volledige oudit-verslag aan KS. Enige uitgawe wat buite die begroting val, moet aan KS voorgelê word vir goedkeuring.

**2. Opsie 2**: KS hanteer inkomste en uitgawes op 'n vrywillige geloofsbasis volgens fondse wat werklik ontvang is. Elke gemeente kry 'n riglyn van fondse wat benodig word om KS se werk effektief te doen. Elke gemeente besluit self biddend wat hulle die jaar kan bydra en besluit op 'n vrywillige bydrae vir die jaar volgens hul vermoë en volgens KS se behoefte.
2 Kor 8:12 *As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.*
*(Sien ook 2 Kor. 8:10-15)*
Die administrasie geskied verder soos by 1.1. Geen skuld word aangegaan nie en geen sinodale aanslag word gehef nie. Die KS vertrou dat gemeentes oorvloedig en vrywillig vir die reformasie sal bydra en dat die KSDG dit verantwoordelik en spaarsaam sal aanwend. Die KS werk biddend slegs met die fondse wat die Here voorsien het.

**3. Opsie 3: Geloofsoffer.** KSDG laat druk 'n aantal geloofsofferkoevertjies vir elke gemeente. Lidmate word opgeroep om met goedkeuring van hulle kerkraad, hulself te verbind om maandeliks 'n spesifieke bedrag vir KS se werksaamhede by te dra. Die ingevulde vormpie met 'n belofte vir die volgende ses maande word direk aan KS deurgegee. Dit help KSDG om vooruit te beplan. Die maandelikse bydrae soos belowe, word direk elektronies in KS se rekening betaal. Die res van die finansiële administrasie word gedoen soos by 1.2 hierbo.

**4. Administratiewe reëlings**

a. **Bankrekening**: KS besluit dat KSDG so gou moontlik namens Koinonia Sinode 'n bankrekening by 'n bekende erkende bank moet open om KS se fondse te administreer.

b. **Resolusie**: KS besluit om volmag te gee aan drie lede van KSDG: naamlik die Voorsitter, Skriba en onder-voorsitter om tekenregte te verkry op die rekening van Koinonia Sinode.
KS gee volmag aan KSDG om namens KS volgens die spesifieke bank se vereistes dienooreenkomstig ‘n resolusie op te stel en te onderteken.

c. **Rekeningnommer**: Die KSDG moet so gou moontlik die naam, nommer en ander besonderhede van die bankrekening aan alle deelnemende gemeentes en moontlike donateurs beskikbaar stel vir elektroniese inbetaling.

d. **Finansiële beampte**: KSDG moet so gou moontlik ‘n finansiële beampte benoem wat primêre verantwoordelikheid aanvaar vir alle finansiële boekhouding, uitbetalings en finansiële verslae.

e. **Gereelde verslag**: By elke gewone KSDG-vergadering (minstens 4x per jaar) moet die Finansiële beampte ‘n verslag van inkomste en uitgawes tot op datum indien.

f. **Oudit**: Jaarliks moet ’n ouditverslag voor KSDG en KS dien. Dit hoef onder normale omstandighede nie deur ’n geregistreerde ouditeur gedoen te word nie, maar wel deur ‘n onpartydige persoon met die nodige finansiële kennis en ervaring.

g. **Fondsinsameling**: Die Sinode gee volmag aan KSDG om addisionele metodes te ondersoek en indien dit nie omstrede is nie, ook te implimenteer, om die nodige fondse vir KS se werksaamhede aan te vul soos bv. bydraes van goedgesinde besighede, testamentêre bemakings aan KS vir Kerkreformasie, boekverkopings, ens.

h. **Ontbinding van Koinonie Sinode:** Die Sinode besluit dat indien die KS se werksaamhede getermineer word, die KS of sy gevolmagtigde sal toesien dat die finansiële boekhouding ge-oudit, die beskikbare fondse bemaak/geskenk word aan ’n kerk/kerke/instansie(s) wat voldoen aan die oogmerke en funksionering van die KS soos omskryf in die Reglement vir die KS en KSDG, en die bankrekening van KS gesluit word. **Dagbestuur van KN Sentrale Werkgroep**

**26.1.2 BESLUIT - DIE AANBEVELINGS WORD GOEDGEKEUR:**

26.1.2.1 Die Sinode besluit om nie die voorbeeld van bestaande sinodes te volg deur implementering van Opsie 1 hierbo nie.

26.1.2.2 Die Sinode besluit om KS se finansies te bestuur volgens ‘n kombinasie van Opsie 2 en 3 hierbo en dra dit op aan KSDG om die praktiese implementering daarvan te reël.

26.1.2.3 Die Sinode keur die volgende punte goed vir implementering deur die KSDG (vergelyk verslag hierbo vir die volledige omskrywings):

26.1.2.3.1 punt 4a bankrekening
26.1.2.3.2 punt 4b resolusie
26.1.2.3.3 punt 4c rekeningnommer
26.1.2.3.4 punt 4d finansiële beampte
26.1.2.3.5 punt 4e gereelde verslag
26.1.2.3.6 punt 4f oudit.
26.1.2.3.7 punt 4g addisionele fondse.
26.1.2.3.8 punt 4h Ontbinding van Koinonia se sinodale werksaamhede.

**26.2 VERKLARING**

Die volgende (konsep-)verklaring word as laatstuk aan die vergadering voorgelê en in die geheel voorgelees deur dr Anton Knoetze en ds Helgard Janse van Rensburg:

**HIER STAAN ONS: ONS KAN NIE LANGER STILBLY NIE!**

"*Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie*." Dit was die antwoord van Johannes en Petrus, twee eenvoudige gelowiges, toe die magtige geleerde Joodse Raad hulle wou belet om van Jesus te getuig. (Hand 4:19-20).

Met hierdie woorde van die twee apostels wil Koinonia Sinode getuig ter wille van die waarheid van die Evangelie, asook in antwoord op dreigemente teen ons. Hier staan ons, ons kan nie langer stilbly nie! Ons antwoord en getuig nie uit selfvoldaanheid of dapperheid nie. Inteendeel, ons doen dit in nederige afhanklikheid van die Heilige Gees wat ons daartoe oortuig. Ons is ook diep bewus van die apostel Paulus se waarskuwing waar hy sê: "*Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word. Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei. Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."* (2 Tim 3:12-17).

As behoudende lidmate van die NG Kerk erken ons met groot dank hoe die Here die NG Kerk vir baie jare lank in Sy diens geseën het deur ongekende vrug te gee op haar sending en evangelisasie asook barmhartigheidsdiens op byna alle terreine waar daar nood was. Om jare lank deel te wees van so 'n Skrif-getroue en roepingsbewuste kerk, was vir ons 'n eer en voorreg. Ons is ook dankbaar dat daar vandag nog steeds kansels in die NG kerk is vanwaar die Woord en sakramente suiwer bedien word. So is daar ook nog duisende lidmate wat vashou aan die suiwer leer wat hulle van kleins af in hierdie kerk geleer het. Ongelukkig het die wiel gedraai. Liberale teoloë en humanistiese menseregte aktiviste het geleidelik ingesypel tot op ons kansels en ook in ander sleutelrolle in die kerk. Onder hulle invloed is 'n groot deel van die NG Kerk op 'n glybaan geplaas om ons gereformeerde identiteit prys te gee. Mens moet vandag al verder soek om hier nog iets van ons geloofsbelydenis se kenmerke van die ware kerk te vind. Sinodale besluite oor leer en lewenswandel word nie meer uitsluitlik op grond van die Bybel geneem nie. Volgens die 2030 droom-scenario moet die NG Kerk getransformeer word tot 'n "ruim huis" wat die diversiteit van die samelewing reflekteer. Daarom word sinodale besluite al meer geneem om die publieke opinie, die tydsgees en die openbare media se goedkeuring te kry.

Ons getuienis is egter nie gerig teen die NG Kerk as sodanig nie, want daarvan is ons nog deel, maar teen die liberale indringers wat reeds verskeie kansels en sinodale vergaderings gekaap het. In nederige erkenning van ons eie sonde en gebreke, wil ons vandag getuig: Hier staan ons...

1. Al ons pogings om beswaar te maak teen verskeie on-Skriftuurlike besluite van die Algemene Sinode het op dowe ore geval. Daarom verklaar ons nou getrou aan Artikel 23.1 van die kerkorde al daardie on-Skriftuurlike besluite as nietig asof dit nie bestaan nie.

2. Die Algemene Sinode het sy kerkordelike roeping om die NG Kerk se beleid noukeurig in ooreenstemming met die Skrif en die gereformeerde belydenisse te formuleer (KO art 1 en 43), amptelik versaak. In plaas daarvan het hulle die kerk tot openbare spot gemaak deur verskeie besluite te neem wat in stryd is met die Woord. By implikasie het die AS daardeur nou sy voorreg as beleidmakende sinode van die NG Kerk geabdikeer. Ons is oortuig die rakleeftyd van die AS is verstreke.

3. Ten spyte van Kairos Netwerk se herhaalde skriftelike versoeke aan die ASM tot mediasie om die krisis aan te spreek, was die versoeke telkens deur hul dagbestuur botweg geweier. Hierdeur het hulle ook hul plig om as tussentydse gevolmagtigdes van die Algemene Sinode en hul voorreg as diensknegte en leiers in die kerk van Christus verbeur.

4. Die Algemene Sinode se besluite van 2019 kom daarop neer dat leraars en kerkrade wat selfdegeslagverbintenisse kerklik (volgens die huwelikswet van Binnelandse Sake) wil bevestig, dit doen met die goedkeuring van die Algemene Sinode, en dat hulle selfs ’n formulier sal opstel om die NG Kerk se goedkeuring daarop te plaas. Dit beteken sonder twyfel dat die Algemene Sinode namens die NG Kerk hul seën geplaas het op selfdegeslag seksuele verhoudings, gelyk aan die verhouding in ’n huwelik tussen man en vrou. Die troos dat dit nie ‘n huwelik genoem word nie en dat hulle kwansuis neutraal daarteenoor staan en geen kerkraad gedwing word om dit te doen nie, is uiters misleidend. Dit neem niks weg van die ware intensie van sulke verhoudings en van die feit dat die Algemene Sinode dit amptelik goedkeur en sy seën daarop plaas nie.

5. Bogenoemde besluite van 2019 was die laaste en finale bewys dat die Algemene Sinode gekies het vir ’n “ruim huis” wat baie ruimer is as die Here se Woord, en vir ’n on-Bybelse eenheid ten koste van die waarheid.

6. Die kerk se missionêre opdrag in die Skrif om dissipels te maak van alle nasies deur die Evangelie te verkondig en mense tot geloof en bekering te lei, is besig om in die NG Kerk plek gemaak vir ’n humanistiese “missionale teologie” waar meer klem gelê word op horisontale hulp, menseregte en politieke regte as op die verlossing van sonde deur geloof en bekering

7. Ons is oortuig dat diegene wat weier om hulle te bekeer, hulle reg op leierskap binne die Ned Geref Kerk prysgegee het. Ons verbind ons om met behoudende NG gemeentes saam te werk aan reformasie op Bybelse grondslae van binne die kerk.

8. Ons betreur dit dat leraars en teologiese dosente van die NG Kerk sonder dat die nodige kerklike opsig en tug oor hulle toegepas word, rustig kan voortgaan met hul kerklike werk terwyl hulle selfs die sentrale waarhede van die Christelike geloof verwerp. Dit is sake soos die historiese sondeval van Adam en Eva, die Bybel se leer van die erfsonde, die totale verdorwenheid van die mens, die enigste weg tot verlossings deur geloof in Christus, en sake soos Jesus se maagdelike geboorte, Sy plaasvervangende versoening, Sy opstanding uit die dood en Sy wederkoms.

9. Ons pleit dat die NG kerk so gou moontlik sy erkenning van die huidige teologiese opleiding by die drie staatsbeheerde teologiese fakulteite sal staak en sal toesien dat voornemende

leraars elders deeglike gereformeerde teologiese opleiding kry. Skrif-getroue gemeentes is reeds 'n geruime tyd besig om met behoudende teologiese sentra te onderhandel met die oog op ons pad vorentoe. Ons sou egter verkies dat die ganse NG kerk hierdie kopskuif moet maak.

10. Teenoor vals beskuldigings teenoor Kairos Netwerk en Koinonia Sinode wil ons handel soos die Woord ons leer in Romeine 12:14: *"Seën julle vervolgers; ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie."* Ons opregte gesindheid teenoor hulle en ook teenoor alle gay lidmate is duidelik dat as christene ons alle mense, selfs die grootste sondaars met liefde en respek wil hanteer, maar sonder om die sonde goed te praat. Die feit dat die Algemene Sinode egter sy seën geplaas het op die lewenswyse van praktiserende homoseksuele lidmate, is uiters wreed en liefdeloos. Dit ontneem sulke mense die voorreg van bevryding deur sondebelydenis en bekering.
11. Daar het veroeke gekom om nouer skakeling met erkende Gereformeerde kerke binne en buitelands. Behoudende gemeentes verstaan dat elke gemeente volledig liggaam van Christus is, maar dat ons nie alleen die liggaam is nie. Uitdagings dwing ons om hierdie uitnodigings ernstig op te neem
12. Kononia Sinode sal in die belang van die ware kerk werksaamhede voortsit met die oog op die behoud en die heil van die ware kerk

Koinonia Sinode nooi alle NG lidmate en gemeentes wat wil saamwerk en bid vir reformasie van binne om ons (KSDG) Koinonia Sinode Diensgroep te kontak.

**26.2.1 BESLUITE**

26.2.1.1 Die Sinode besluit om kennis te neem van die (konsep-)verklaring.

26.2.1.2 Die Sinode besluit om dit nie as 'n "persverklaring" te gebruik nie, maar dit beskikbaar te stel aan deelnemende gemeentes vir kommentaar en gebruik na goeddunke.

**9 VERKIESING van die KOINONIA DIENSGROEP (KSDG) [Vervolg]: Drie secundi lede vir die KSDG**

Di Ian Dubery en Johan Koen word met 'n volstrekte meerderheid stemme aangewys as secundi.

Nadat die verkiesing van die Koinonia Diensgroep (KSDG) afgehandel is, is die KSDG soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Dr Anton Knoetze |
| Ondervoorsitter: | Ds PC Pretorius |
| Skriba: | Ds Norma Rossouw |
| Addisionele lede (prim): | Ds Dubois du Toit |
| | Ds Diederich Kleynhans |
| | Dr Bennie Marais |
| Secundi (in volgorde): | Ds Neels de Jager |
| | Ds Ian Dubery |
| | Ds Johan Koen |

| | |
|---|---|
| KN-benoemdes: | Die eerste 6 name op die lys van benoemdes (vergelyk Notule, p7, punt 8.1). |

Die KSDG-lede word geluk gewens met hulle verkiesing. Die vergadering dra hulle in die gebed aan die Here op deur Lied 268 (Laat, Heer, u seën op hul daal) biddend saam te sing.

**27 AFSLUITING**

27.1 Die voorsitter, dr Anton Knoetze, bedank die volgende persone en instansies vir hulle kosbare bydrae om van die vergadering ‘n groot sukses te maak:

Prof Johan Janse van Rensburg vir die gepaste wyse waarop hy die erediens gelei het wat die vergadering voorafgegaan het.

Die lede van die Kairos Netwerk vir hulle insette met dievoorbereiding vir die vergadering: die samestelling, verspreiding en druk van die agenda, kommunikasie vir die bekendstelling en reëlings vir die sinode, administratiewe hulp, ens.

Die plaaslike gemeentes, in besonder Vaalrivier, wat onder die leiding van di Norma Rossouw en Neels de Jager met die hulp van ‘n aantal lidmate uit hulle pad gegaan het om alles in orde te kry, dit vlot te laat verloop, en ook tydens die vergadering ‘n groot rol gespeel het.

Die bestuur en personeel van *Ingwe Guest Lodge* vir die beskikbaarstelling van die geriewe en toerusting, die besondere moeite om alles gereed te kry, hulle dienste tydens die vergadering en hulle gasvryheid.

Al die afgevaardigdes en besoekers wat die vergadering bygewoon het - hulle opoffering, insette, en ondersteuning om die vergadering suksesvol te laat verloop.

27.2 Ds Helgard Janse van Rensburg bedank dr Anton Knoetze vir die bekwame wyse waarop hy as voorsitter die vergadering gelei het.

27.3 Ds Helgard Janse van Rensburg sluit die vergadering af deur voor te gaan in gebed.

Notule goedgekeur op 12 Mei 2023

| | |
|---|---|
| ......................................... | ................................................. |
| Voorsitter | Skriba |